"Be a light in the dark world, for Jesus!"

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

# Nuusbrief Retreat Jeug Kamp
# 4– 6 Maart 2011

## Vlug United na Bahammas

**Ons het Vrydag afgeskop met 'n verrassende vlugrit na die Bahamma Eilande. Wat 'n vlug! Alles het so glad verloop tot een van ons vliegtuig se 'engins' ophou werk het. Later het die ander een ook gestop en hulle kon niks vir ons doen nie. Na vele histerie op die vlug, het ons in die 2 torings vasgevlieg. Nodeloos om te sê niemand het oorleef. Na afloop van die vlugrit het ons bietjie ernstiger geraak en kon die tieners besef hoe vinnig jou lewensdraaidjie kortgeknip kan word.**




## Die Evangelie



Die kinders het die Evangelie geleer. Ons het met hulle gedeel dat die Ewige Lewe 'n gratis geskenk is en dat mens dit nie kan verdien of daarvoor kan werk nie. Maar ons sonde staan in ons pad om hierdie geskenk te kry. Die mens is 'n sondaar en kan homself nie red nie. Maar ons probleem is nog groter as ons sien wie God is. Hy is liefdevol maar ook regverdig en moet ons sonde straf. Maar God het die oplossing Sy Seun Jesus gestuur om die straf vir ons sondes te dra. Ons moet net glo. Hierdie is nie tydelike geloof nie maar reddende geloof. Ons moet in Jesus alleen vertrou vir die Ewige Lewe.



## Speeltyd en Spanwerk

Die kinders was in spanne opgedeel: Rooi, Blou, Groen en Geel. Hulle moes leer om in spanne te werk, mekaar te ondersteun en net mekaar te aanvaar. Ons het heerlik op die strand gespeel en geswem Saterdagmiddag. Daarna het ons speletjies gespeel onder die bome, "Magic Carpet", Aardvark resies, Geduld en Taktiek en Krap Sokker. Die kinders het dit omtrent geniet.

## God bly getrou!

Tydens Sondagoggend se diens het ek 'n uitnodiging gemaak. Openb 3:20 was die kernvers vir die oggend. 19 tieners het besef dat Jesus aan hul hartsdeure klop en het uitgekom om Jesus in hul harte in te nooi. Die ouers teenwoordig was saam met hul kinders bly. Trane van blydskap het geloop en saam kon gesinne die Here loof en prys vir wat in hul lewens gebeur het. **PRYS HOM!!**



**Dankie vir jou gebede en liefde !**

**Belinda Bothma**
**073 835 5084**